

Sondag 12 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 17

Fokusgedeelte: 1 Samuel 17:45-47

Verlossing van 'n reuse vyand

Hoe is Dawid en Israel daardie dag verlos? Was dit deur die slingervel en die klip? Was dit deur Dawid se vlugvoetigheid, deur sy vaardigheid en akkuraatheid? Alhoewel God al hierdie dinge gebruik het, was dit uiteindelik Hy wat die oorwinning gegee het. Dit is God wat verlos het – nie deur die swaard of die spies nie.

Dit was ook nie deur die swaard of die spies dat dié Koning uit die nageslag van Dawid ons verlos het nie. Hy het ons met sy bloed verlos. Hy het dit gedoen aan die kruishout. En weet u: dit was ter wille van Hom, van Jesus, dat God op daardie dag vir Dawid bewaar het. Daarom kon Goliat nie Dawid se vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee nie. Want in Dawid was inbegrepe en uit sy nageslag moes die Verlosser van die wêreld gebore word. Die Een wat God se volk kom verlos het uit elke stam en taal en volk en nasie.

Agter Goliat was daar 'n baie groter vyand nog as die reus. Daar was 'n draak, die slang van ouds, wat die duiwel en Satan genoem word. As hy vir Dawid kon vernietig, kon hy die beloofde Saad, die Nasaat, vernietig. Maar God het Dawid verlos. Hy het Israel verlos. Hy het ons verlos deur sy Seun, Jesus Christus. In Hom is ons meer as oorwinnaars.

Ons het magtige vyande. In ons Kategismus praat ons van doodsvyande (HK Sondag 52). Maar ons vyande is nie magtiger as die Here aan Wie ons behoort nie. Hou dit in gedagte en bring dit in berekening wanneer die vyand jou wil bang maak en intimideer. Bring God deur die geloof in berekening. Soek sy eer en stry in sy krag, in die krag van sy Heilige Gees.

Sing: Psalm 18-1:1, 9, 15, 20

Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)